higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

REGSPROSEDURES EN BEWYSREG
NKR VLAK 4

16 NOVEMBER 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Waar
1.2 Onwaar
1.3 Waar
1.4 Waar
1.5 Onwaar
1.6 Waar
1.7 Waar
1.8 Waar
1.9 Onwaar
1.10 Onwaar

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 *S v Roman and Others* 1994(1) SASV 436 (A)
2.2 20
2.3 Teregwysing
2.4 309
2.5 Hoë Hof
2.6 21
2.7 Strafproseswet
2.8 Misdaad
2.9 Landdros
2.10 Nie opgeskort nie

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 H
3.2 E
3.3 J
3.4 A
3.5 I
3.6 B
3.7 C
3.8 D
3.9 G
3.10 F

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Die volgende SES vir EEN punt elk. Laat leerder se eie interpretasie toe.

- Iemand wat ’n Bylae 1-misdryf in hul teenwoordigheid pleeg of probeer pleeg – of wie hulle redelikerwys van die pleging van ’n Bylae 1-misdryf verdink ✓
- Wat hulle redelikerwys vermoed ’n misdryf gepleeg het en aan die vlug is van en onmiddellik agtervolg word deur iemand wat bedoelde private persoon redelikerwys meen die bevoegdheid besit om daardie persoon weens daardie misdryf in hegtenis te neem
- Wat hy kragtens ’n wet bevoeg is om – ten opsigte van ’n misdryf wat in daardie wet bepaal word – sonder lasbrief in hegtenis te neem
- Wat hulle aan die baklei sien (Enige 6 × 1) (6)

4.2 Die volgende SEWE vir EEN punt elk. Laat leerder se eie interpretasie toe.

Strafprosesregtelike bevoegdhede is die bevoegdhede wat deur die reg aan sekere persone verleen word wat hulle magtig om regtens by ander mense se regte in te meng ✓
ten einde misdadigers voor die gereg te bring en te laat verhoor.
Onder normale omstandighede sal hierdie bevoegdhede, byvoorbeeld om ’n persoon te deursoek, in hegtenis te neem en aan te hou, strydig met die Grondwet wees omdat dit ’n beduidende uitwerking op die persoon se reg op vryheid en privaatheid het.
Die Handves van Regte bevat egter ’n bepaling dat daar in sekere gespesifiseerde en beperkte omstandighede op sommige regte inbreuk gemaak kan word.
Indien ’n gemagtigde persoon op die regte van iemand anders inbreuk maak in omstandighede wat nie onder die gespesifiseerde en beperkte omstandighede ressorteer nie, sal enige getuienis wat ingesamel word ongeldig wees. (Enige 7 × 1) (7)

4.3 Enige VYF van die volgende vir EEN punt elk. Laat leerder se eie interpretasie toe.

Artikel 27 van die Strafproseswet bepaal dat ’n polisiebeampte:
- regtens enige persoon mag deursoek;
- regtens enige perseel mag deursoek;
- enige perseel ingevolge artikel 26 mag betree;
- die geweld mag gebruik wat redelikerwys nodig is om enige verset teen so ’n deursoeking of betreding te bowe te kom.
- Die geweld kan die oopbreek van ’n deur of venster insluit.
- Dit is egter onderhewig aan die bepaling dat die polisiebeampte eers hoorbaar toegang
- tot die perseel moet eis en die doel bekend moet maak waarvoor hy/sy die perseel wil betree.

(5)

Kopiereg voorbehou

- Die voorbehoudsbepaling is nie van toepassing nie waar die polisiebeampte op redelike gronde van oordeel is dat ’n voorwerp vernietig
- of weggedoen kan word indien die bepalings eers nagekom moet word.

4.4 Enige EEN van die volgende met verduideliking vir TWEE punte elk. Laat leerder se eie interpretasie toe.

- Vrywillig en ongedwonge – Dit beteken dat die beskuldigde nie gedreig moes gewees het om die bekentenis te doen nie.
- Deur ’n persoon by sy/haar volle positiewe – Die verstandelike bevoegdheid van die persoon moet nie deur die verbruik van alkohol belemmer of aangetas wees nie.
- Sonder dat hy/sy onbehoorlik daartoe beïnvloed is – Invloed hoef nie noodwendig van ’n gesagspersoon afkomstig te wees nie. (2)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 5

5.1 5.1.1 Die volgende DRIE vir EEN punt elk. Laat leerder se eie interpretasie toe.

Streekshowe het jurisdiksie oor familiesake soos egskeidings, onderhoud, toesig en siviele sake rakende bedrae tussen R200 000,00 en R400 000,00.
’n Streekslanddroshof kan boetes van tot R600 000 en gevangenisstrawwe van tot 15 jaar oplê. (3)

5.1.2 Die volgende DRIE vir EEN punt elk. Laat leerder se eie interpretasie toe.

Direkte getuienis is direkte bewys van ’n feit, soos ’n verklaring deur ’n getuie oor wat hy/sy persoonlik gesien of gehoor of gedoen het. (3)

5.2 Enige VIER van die volgende vir EEN punt elk. Laat leerder se eie interpretasie toe.

Vermoede van onskuld beteken dat ’n persoon onskuldig beskou word totdat die persoon behoorlik deur ’n hof skuldig bevind is.
Die reg is vervat in artikel 35(3)(h) van die Grondwet, wat bepaal dat ’n beskuldigde persoon ’n reg op ’n billike verhoor het, wat die reg insluit om onskuldig geag te word, om te swyg en nie tydens die verrigtinge te getuig nie. In die praktyk verg dit dat die vervolging die skuld van ’n beskuldigde bo redelike twyfel moet bewys. As gevolg van hierdie vermoede rus die onus om die skuld te bewys op die vervolging en die beskuldigde hoef nie sy of haar onskuld te bewys nie. (Enige 4 × 1) (4)

5.3 Enige VYF van die volgende vir EEN punt elk. Laat leerder se eie interpretasie toe.

- ’n Hof kan ’n bevel uitvaardig wat in subartikel (2) beoog word slegs indien geriewe daarvoor geredelik beskikbaar of bekombaar is en as dit vir die hof blyk dat dit:
- onredelike vertraging sal verhoed;
- koste sal bespaar;
- gerieflik sal wees;
- in die belang van die sekerheid van die Staat of van openbare veiligheid of in die belang van geregtigheid of die publiek sal wees; en
- die moontlikheid bestaan van vooroordeel of benadeling van enige persoon indien hy of sy getuig of by sodanige verrigtinge teenwoordig is. (Enige 5 × 1) (5)

[15]

VRAAG 6

6.1 Enige VYF van die volgende vir EEN punt elk. Laat leerder se eie interpretasie toe.

’n Gearresteerde persoon moet so gou moontlik ná die inhegtenisneming gebring word na ’n polisiekantoor of die plek wat in die lasbrief genoem word. Die aangehoudene moet ook, so gou as wat redelikerwys moontlik is, ingelig word oor sy of haar reg om:

- stil te bly;
- ’n regsverteenwoordiger te hê; en
- om borgtog aansoek te doen. (Enige 5 × 1) (5)

6.2 Die volgende VIER vir EEN punt elk. Laat leerder se eie interpretasie toe.

Dit staan as eerste verskyning bekend wanneer die twee beskuldigdes vir die eerste keer voor die laerhof gebring word. Hulle is in hegtenis geneem omdat hulle na bewering ’n oortreding begaan het. Hulle sal:

- ingelig word oor die rede vir hul verdere aanhouding.
- aangekla word en daarop geregtig wees om op borgtog vrygelaat te word. (4)

Kopiereg voorbehou

6.3 Enige SES van die volgende vir EEN punt elk. Laat leerder se eie interpretasie toe.

- Daar is ’n moontlikheid dat die beskuldigde, indien hy/sy op borgtog vrygelaat word, die publiek se veiligheid in gevaar sal stel ✓
- of enige betrokke persoon se veiligheid in gevaar sal stel; of
- ’n Bylae 1-misdryf sal pleeg. ✓
- Die moontlikheid bestaan dat die beskuldigde, indien hy/sy op borgtog vrygelaat word, sal probeer om sy of haar verhoor te ontduik.
- Die moontlikheid bestaan dat die beskuldigde, indien hy/sy op borgtog vrygelaat word, sal probeer om
- getuies te beïnvloed of te intimideer of getuienis weg te steek of te vernietig.
- Die moontlikheid bestaan dat die beskuldigde, indien hy/sy op borgtog vrygelaat word, die doelwitte
- of die behoorlike funksionering van die strafregsplegingstelsel sal ondermyn of in gevaar sal stel, met inbegrip van die borgtogstelsel; of
- In buitengewone omstandighede bestaan die moontlikheid dat die vrylating openbare orde sal versteur of
- openbare vrede en sekerheid kan ondermyn. (Enige 6 × 1) (6)

[15]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

VRAAG 7

7.1 Die volgende VIER vir EEN punt elk. Laat leerder se eie interpretasie toe.

- Die inhegtenisneming is afgehandel soos beoog in artikel 39 van die Strafproseswet.
- Die inhegtenisneming was weens die pleging van ’n misdryf.
- Die inhegtenisneming was wettig en ingevolge ’n geldige lasbrief, of indien die inhegtenisneming sonder ’n lasbrief was, was dit geregverdig op een van die gronde waarna artikel 40 van die Strafproseswet verwys. (4)

7.2 Die volgende VIER vir EEN punt elk. Laat leerder se eie interpretasie toe.

- Die hof sal vasstel of die beskuldigde die aanklag of aanklagte teen hom/haar verstaan.
- Die hof sal bepaal of die beskuldigde op die aanklag skuld erken het.
- Indien die hof twyfel of die beskuldigde op die aanklag skuld erken het, word ’n pleit van onskuldig aangeteken
- en gaan die verhoor voort.
- As die hof tevrede is dat die beskuldigde die aanklag teen hom of haar verstaan en skuld erken;
- kan die hof die beskuldigde skuldig bevind.
- Die verhoor eindig en die vonnisopleggingstadium begin. (Enige 4 × 1) (4)

7.3 Enige VYF van die volgende vir EEN punt elk. Laat leerder se eie interpretasie toe.

- Vorige veroordeling(s).
- Versagtende faktore – daardie faktore wat in die beskuldigde se guns tel en wat oor die algemeen tot ’n ligter vonnis sal lei. Getuienis in hierdie verband moet met die beskuldigde en die betrokke misdryf verband hou.
- Verswarende faktore – daardie faktore wat ’n verswarende invloed op die vonnis kan hê en wat oor die algemeen tot ’n swaarder vonnis sal lei. Dit moet tersaaklik en noodsaaklik wees en word gewoonlik in veroordelings vir ernstige misdaad voorgelê.
- Proefbeampte se verslag, spesifiek in die geval van jeugdige oortreders (Enige 5 × 1) (5)

7.4 Die volgende SEWE vir EEN punt elk. Laat leerder se eie interpretasie toe.

- Die informant het inligting vertroulik verskaf en met die verstandhouding dat sy/haar identiteit nie openbaar gemaak sal word nie.
- Die openbaarmaking van die identiteit van die informant kan die verhouding tussen die polisie en die informant nadelig beïnvloed.
- Dit is in die belang van die gemeenskap dat persone aangemoedig word om inligting aan die polisie te verskaf oor die tipe misdadige aktiwiteit waaroor die informant inligting verstrek het.
- Die openbaarmaking van die identiteit van die informant sal nie gebruik word om die onskuld te bewys van die persoon wat beskuldig word in die verhoor waarin die polisiebeampte getuig nie.
- Die informant is nie ’n polisiebeampte nie.
- Die identiteit van die informant is nog nie algemeen bekend nie.
- Die oordrag van die inligting deur die informant aan die polisiebeampte maak nie op sigself ’n misdryf uit nie (soos meineed). (7 × 1) (7)

[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100